

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 3, No. 4

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## God is in Beheer

Gebeure ontwikkel nou veel vinniger as ooit tevore hoe nader ons aan die Wederkoms van Jesus Christus kom. Christus sal binnekort hier op aarde wees as Koning van konings. Ons kan juig daaroor! Tog, soos ons almal weet, sal dit definitief *veel slegter* gaan voordat dit beter begin gaan.

Alhoewel ons tans omring is met hartseer en wanhoop hoef ons nie beangs of ontmoedig te word mits ons God se *doel* verstaan in Sy bestraffing van die nasies nie. Nadat Jesus 'n beskrywing gegee het van verskriklike oorloë, hongersnood, pessiektes en groot aardbewings wat die laaste geslag sal tref, sê Hy: "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is" (Lukas 21:28).

Ons oë moet altyd op God en op die lewende Jesus Christus gefokus wees wat aan Sy regterhand sit om te verstaan hoe en hoekom Hulle wêreldgebeure beplan vir die vestiging van God se Koninkryk op aarde. Ons Christene moet voortdurend "toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 3:18). Namate ons hierin toeneem, moet ons meer en meer die gesindheid van Christus ontwikkel (Filippense 2:5). Ons moet toenemend meer in staat wees om dinge uit die oogpunt van ons Verlosser te sien wat aan die regterhand van die Vader sit. Die mensdom beskik nou oor wapens

van grootskaalse vernietiging, sodanig so dat die mensdom geheel en al uitgewis kan word. Afgesien van God, sal hierdie wapens *gebruik word*. Daarom moet ons almal saam met koning Dawid van Israel ernstig tot God bid: "Staan op, HERE, laat die mens nie sterk word nie; laat die heidene voor u aangesig geoordeel word! o HERE, jaag hulle skrik aan; laat die heidene weet, hulle is mense! Sela" (Psalm 9:20-21).

Trouens, behoorlike "vrees" vir God – daardie diepgaande ontsag, respek en aanbidding van die grootse Wese wat die hemele en die aarde geskep het en nou daaroor heers – is 'n groot bron van wysheid, geloof en moed. Ons lees dan ook in Spreuke 9:10: "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand". Dawid skryf ook onder inspirasie: "So is die HERE dan 'n rotsvesting vir die verdrukke, 'n rotsvesting in tye van benoudheid. En hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou, omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!" (Psalm 9:9-10). Indien ons waarlik God se "Naam" *ken* – Sy ontsaglike liefde, wysheid, mag en genade – sal ons gemoedsrus ondervind, iets wat vir die mense van hierdie wêreld onbegryplik is. Selfs as 'n gevangene in kettings – gedurig in gevaar om ge gesel of tereggestel te word – vermaan die apostel Paulus: "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan

alle mense bekend word. Die Here is naby. Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (Filippense 4:4-7).

*Verbly?* Selfs terwyl hy in kettings was en deur 'n Romeinse soldaat bewaak is? *Ja!* God was vir die apostel Paulus absoluut 'n *werklikheid*. Net soos Jesus in die menslike vlees en al God se getroue diensknegte deur die eeue heen, bid Paulus elke oggend en aand tot God, bestudeer of mediteer voortdurend oor God se Woord en Sy Wil, was hy gemeensaam met God, wandel en handel met God en het hy God absoluut *die middelpunt* van sy bestaanswese gemaak. Daarom het Paulus deur die jare al hoe meer geleer hoe om dinge vanuit **God** se oogpunt te sien. Hy het geleer om God se *wysheid* en *doel* in te sien wanneer God gebeur hier op aarde toelaat en selfs teweegbring om Sy algehele plan vir die mensdom op koers te hou.

Onthou, toe koning Nebukadnésar van ouds Juda binnegeval en oorwin het, was dit *nie* per ongeluk nie. “Toeval” was *nie* betrokke *nie*, want God het herhaaldelik die mense van Juda gewaarsku om hulle te *bekeer* en tot God *terug te keer*. Hulle wou egter nie. Daarom het

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad: Persoonlik

#### God is in Beheer

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

#### Hoofartikel.....3

#### Profesie snel voort

Dit gebeur uiteindelik! Die panorama van gebeure in die laaste dae wat lei tot die Wederkoms van Christus raak sigbaar vir diegene wat oë het om te sien.

#### Sleutels tot Doeltreffende Gebed.....8

Verhoor God vandag nog gebede? Verhoor Hy u gebede? U gebede kan verhoor word met dramatiese resultate!

#### Verstaan die Visie!.....12

#### Vrae en Antwoorde.....16

#### Bou op die Grondslag van Jesus Christus.....18

#### Waarom is u gebore?.....23

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

### Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Strekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

#### KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

#### FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

#### BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Profesie snel voort

Deur Roderick C. Meredith

*Dit gebeur uiteindelik! Die panorama van gebeure in die laaste dae wat lei tot die Wederkoms van Christus raak sigbaar vir diegene wat oë het om te sien.*

Vir baie jare het ek die geleentheid gehad om die “Esegiël-waarskuwing” aan 'n groot deel van die Engels-sprekende wêreld te verkondig en daaroor te skryf. Met die spesifieke kennis van ons volke se identiteit, soos geopenbaar in Bybelprofesie, het ek en my kollegas gepoog om die Anglo-Saksies-Keltiese volkere te waarsku teen die naderende Groot Verdrukking. Ons het herhaaldelik via die radio, televisie asook die geskrewe woord verduidelik dat die “trots en mag” van die volke van Britse herkoms asook die Amerikaanse volk absoluut *gebreek* sou word en dat hulle later die brandpunt van die Groot Verdrukking sou wees soos voorspel in Mattheus 24:21-22 asook elders. Keer op keer het ons verklaar dat 'n magtige unie van volkere in Europa tot stand sou kom, teen Amerika en Brittanje sou draai en ons uiteindelik in die grootste nasionale gevangenskap in menseheugenis sal neem!

My vriende, die stukke van die legkaart is besig om *nou* in mekaar te begin pas! Die groot nasies van Europa is besig om te verenig. Die Britte sal inderdaad die “vyfde wiel aan die wa” wees. Hulle sal **nie** deel vorm van die uiteindelik Europese Ryk nie.

*Neem kennis!* Dit is 'n *spesifieke voorspelling* wat ek maak, gegrond op my kennis van Bybelprofesie.

Die Rooms-Katoliek gedomineerde volke van Sentraal-Europa begin reeds om hulself te laat geld soos nog nooit tevore sedert die Tweede Wêreldoorlog nie. Stadig maar seker begin hulle teen Amerika en Brittanje draai. Die eerstydse respek en selfs liefde tussen die VSA en sy bondgenote begin grootliks afneem wat te danke is aan onlangse gebeure en buitelandse beleidsbesluite.

Patrick Tyler, korrespondent van die *New York Times*, berig oor hierdie verskynsel: “Die verklaring wat Woensdag deur Duitsland, Rusland en Frankryk uitgereik is teen die oorlog in Irak – met 'n stilswyende dreigement van 'n veto – mag blyk die luidste 'Nee!' regoor die Atlantiese Oseaan te wees in die afgelope halfeeu of meer .... Maar die feit dat Europa se magtigste lande verplig voel om ter elfder ure teen president Bush te protesteer, vergroot die skeurings wat in die afgelope jaar tussen die grootste bondgenote ontstaan het .... Bo en behalwe die onmiddellike oorlogskwessie, is dié verklaring 'n groot belediging vir Washington. Dit vermaan die

Bush administrasie dat die internasionale stelsel 'n 'keerpunt' bereik het na die Koue Oorlog in die daarstelling van voorskrifte en dat die Frans-Duitse blok 'n te groot mag is om te ignoreer – indien nie militêr nie, dan in beide ekonomiese en kulturele terme” (aangehaal uit *The Charlotte Observer*, 6 Maart 2003).

Ja, 'n herleefde Europese Ryk is verseker in wording! Dit sal *binnekort* in 'n posisie wees om die VSA uit te daag om die leierskap in groot dele van die wêreld. Dit is voorspel dat hierdie herleefde Europese Ryk die herlewing van die “Heilige Romeinse Ryk” is. Met die situasie in Irak, verskille oor handelsbeleid, konflik oor die Internasionale Geregshof en ander basiese kwessies, ontwikkel 'n dieper wordende gaping tussen Amerika en sy voormalige bondgenote.

## 'n Kloof ontstaan tussen Amerika en Europa

In die *Prospect*, 'n invloedryke joernaal, skryf Robert Kagan: “Dit is tyd om op te hou voorgee dat Europeërs en Amerikaners 'n gemeenskaplike siening van die wêreld het of selfs dieselfde wêreld beset. Oor die allerbelangrike vraag van mag – die kragdadigheid van

mag, die moraliteit van mag, die begeerlikheid van mag – is Amerikaanse en Europese perspektiewe uiteenlopend .... Dit is waarom Amerikaners en Europeërs mekaar vandag al hoe minder verstaan oor sleutelkwessies van strategiese belang. Hierdie toedrag van sake is van 'n nie-verbygaande aard en is dus nie die produk van een Amerikaanse verkiesing of een katastrofiese gebeurtenis nie. Die redes vir die transatlantiese skeuring is diepliggend en blykbaar blywend. Wanneer dit kom by die stel van nasionale prioriteite, die bepaling van bedreigings en implementering van buitelandse- en verdedigingsbeleid, het die VSA en Europa se paaie uiteengeloop” (Augustus 2002).

Wat mnr. Kagan en die meeste joernaliste *nie* besef nie, is dat daar 'n baie wesenlike God is wat die lotsbestemming van mense en volke beheer. Wanneer Hy besluit om in te gryp, is Hy die Een wat die uitslag van veldslae bepaal (Spreek 21:31). Hierdie grote God sê vir koning Nebukadnésar van ouds dat hy gestraf sal word totdat hy weet dat “die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil” (Daniël 4:25).

Die Skepper van die mensdom begin nou ingryp deur die volke te tug wat Hy die afgelope 200 jaar soveel geseën het. Gereelde lesers van hierdie tydskrif weet dat Amerika en die lande van Britse herkoms,

naamlik Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en natuurlik Brittanje self, almal afstam van die “Huis van Josef” in die Bybel. Aan *hierdie volke* is die “eersgeboortereg” seëninge deur Josef gegee wat aanvanklik aan Jakob, Josef se vader, belowe is. Onthou, hierdie was *fisiese* seëninge wat aan Josef gegee is – **nie** aan Juda nie, soos so baie mense verkeerdelik aanneem. “En die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel – want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef, die seun van Israel, gegee, maar hy moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie; want Juda was sterk onder sy broers, en uit hom het een 'n vors geword, maar die eersgeboortereg het Josef gehad” (1 Kronieke 5:1-2). Hoewel Juda dus die eerskomende Heerser, die Messias, sou voortbring, is die “eersgeboortereg” seëninge van groot welstand en mag aan Josef gegee.

Hierdie “eersgeboortereg” seëninge het ingesluit groot nasionale welstand, mag en militêre oorheersing. Josef se oudste seun, Manasse, sou die grootste enkele nasie op aarde word. Efraim, die jonger seun, sou die groot “gemeenskap” of *gemenebes* van nasies word (sien Genesis 48:14-20; 35:9-11). Ter beskrywing van wat in die “laaste dae” (49:1) met Jakob se seuns sal gebeur, sê

God van Josef: “Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers” (vers 26).

### Moderne “Huis van Israel” word gestraf

In 'n tweevoudige profesie wat definitief op die laaste dae van toepassing is, beskryf God wat die lot van die Engelssprekende volke is wat so geseënd was: “En die oorblyfsel van Jakob tussen die nasies sal onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat, as hy deurtrek, vertrap en verskeur sonder dat iemand red. Jou hand sal bo jou teëstanders verhewe wees, en al jou vyande sal uitgeroei word” (Miga 5:7-8).

Let daarop dat die “oorblyfsel” – die laaste geslag van die mense van Israel (**nie** Juda of die Jode nie), die *oorheersende wêreldmag* sou wees wat sy vyande sou “afsnij” net soos Amerika en Brittanje dit wel in die Eerste en Tweede Wêreldoorloë gedoen het. Hulle sou wees soos “dou van die Here” – 'n **groot seën** vir ander nasies, net soos dou 'n groot seën vir boere is. Die weldadigheid van Amerika en Brittanje – wat gehelp het om die grootste gedeelte van Europa te herbou na die Eerste Wêreldoorlog en toe weer deur die Marshallplan na die Tweede

Wêreldoorlog – is bykans ongeëwenaard in die geskiedenis. Daarbenewens het nog *geen ander volk* soveel voedselhulp oor die wêreld heen verleen en dokters, verpleegsters en opvoeders uitgestuur om ander lande te help soos Amerika en die lande van Britse herkoms nie.

God gaan egter voort in die profesie: “En *in dié dag* (in dieselfde tydperk toe ons so magtig was), spreek die HERE, sal Ek jou perde uit jou midde uitroei en jou strydwaens vernietig. Ook sal Ek uitroei die stede van jou land en al jou vestings afbreek. Verder sal Ek uitroei die towerye uit jou hand, en jy sal geen goëlaars meer hê nie. En Ek sal uit jou midde uitroei jou gesnede beelde en jou klippilare, sodat jy jou nie meer voor die werk van jou hande sal neerbuig nie. En Ek sal uit jou midde uitruk jou heilige boomstamme en jou stede verwoes. En Ek sal in toorn en grimmigheid wraak neem op die nasies wat nie geluister het nie” (9-14).

God voorspel 'n vinnige en skokkende keerpunt in wêreldsake! Dieselfde volke wat – in mensesake – die “grootste” was, sal skielik tot 'n val kom en in die oorlog wat volg verneder word; hulle stede sal ingeneem en vernietig word. Daarna sal hulle in nasionale slawerny geneem word! Dan sal God “wraak neem” op die heidennasies van die wêreld, wat Hy gebruik het om die moderne volke van die Huis van Israel te straf (vers 14).

Dit is duidelik dat die bogenoemde profesie *nooit* op die moderne Staat van Israel van vandag van toepassing kon wees nie! Israel was nog *nooit* in die moderne era 'n groot volk en 'n “gemenebes van volke” nie. Israel het nog *nooit* die geleentheid of mag gehad dat ander volke in hulle geseënd sal wees soos met Amerika en Brittanje vir dekades die geval was nie. Dit is deurslaggewend om te weet – *baie min Bybelstudente weet wél* – dat Israel en Juda vir baie geslagte *afsonderlike* volke was, soos tans die geval is.

Die eerste keer wat die Bybel die woord “Jood” noem, is toe Israel in oorlog *teen die Jode* gewikkel was (sien 2 Konings 16:5-6)! Dit is noodsaaklik om te besef dat die term “Huis van Israel” dikwels **nie** na die Jode verwys nie! In die meeste van die hoofprofesieë van die Bybel, verwys dit eerder na die “Tien Verlore Stamme van Israel”. Dit verwys, in moderne tye, na die volke van Amerika, die volke van Britse herkoms en die vredeliewende volke van Noordwes-Europa. Ongelukkig verstaan baie sogenaamde “studente” van Bybelprofesie óf nie, óf hulle *verwerp* opsetlik die kennis, daarom is hulle geheel en al “in die duister” wanneer dit kom by begrip van die steierende gebeure wat nou in Europa, die Midde-Ooste en rondom die wêreld aan die gebeur is!

### **Die komende Groot Verdrukking**

Die boek Jeremia bevat hoofsaaklik **eindtyd** profesieë, want soos kenners erken, is dit tussen 605 en 585 v.C. geskryf – meer as 100 jaar *na* die val van antieke Israel. Tog voorspel dit 'n toekomstige – duidelik eindtydse – straf en gevangenskap vir die “Huis van Israel” en ook vir die Jode!

Let daarop dat Jeremia 30:4 verwys na “Israel en Juda” – *twee afsonderlike volke* sedert Israel teen Juda gerebelleer het en 'n afsonderlike volk geword het (sien 1 Konings 12:15-20). God beskryf die eindtydse verdrukking wat op *beide* dele van die Huis van Israel sal kom: “Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word” (Jeremia 30:7). Let daarop dat hierdie kragtige profesie – wat geskryf is oor die 100 jaar *nadat* die antieke Huis van Israel in gevangenskap weggevoer is – 'n *toekomstige straf* en *gevangenskap* vir die moderne Huis van Israel voorspel. Hierdie komende Groot Verdrukking is die “tyd van *Jakob* se benoudheid”. Hierdie tyd, nog in die toekoms, wanneer die volke van die moderne Huis van Israel – die volke van Amerikaanse en Britse herkoms – in slawerny (vers 8), weggevoer sal word tot die Wederkoms van Christus. Dit is duidelik binne die *afsienbare toekoms*, waarna God sê dat Hy ons uit ver plekke sal “verlos”, “uit die land van [ons] gevangenskap” (vers 10).

**Waarom** sal God hierdie straf toelaat? God se geïnspireerde



Woord antwoord: “Al jou minnaars [geallieerdes] het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie; want Ek het jou geslaan soos 'n vyand slaan, met 'n wrede tugtiging, omdat *jou ongeregtheid groot is, geweldig jou sondes*” (vers 14).

Dit is welbekend dat Amerika en die volke van Britse herkoms in absolute plesiersoekery, materialisme en korrupsie verval het. Ons het ons van God weggekeer. Ons is in owerspel, ontug en sodomie verswelg, om nie eers te praat van die voortgesette gemors en eksplisiete seksualiteit in ons vermaak nie. Ons samelewing staan leuens, kullery, steel en *geweld* van elke soort voor. Dis *geen wonder* dat 'n regverdige God, wat ons soveel groot nasionale seëninge gegee het nou – in Sy groot liefde en besorgdheid – besluit het om in te gryp en ons te **straf** met die **grootste nasionale gevangenskap** in menseheugenis nie, ten einde ons mense tot *ware bekering* te bring!

Na Sy beskrywing van ons gevangenskap en God se verlossing van moderne Israel, sê Hy: “Aan die **einde van die dae** sal julle dit verstaan” (vers 24). Ons leef **nou** in daardie laaste dae! Die *Chicago Tribune* plaas 'n gesaghebbende artikel verlede jaar hoe daardie eindtyd gebeure begin ontvou! Die skrywer Andrew Reding sê: “Terwyl die VSA se media fokus op Europa se oorgang na die euro, wil dit voorkom asof Washington nie verstaan wat die

volle implikasie van 'n verenigde kontinent anderkant die Atlantiese Oseaan sal wees nie. Die ingebruikneming van die euro deur 12 Europese lande gee die toon aan vir iets belangriker as wat enigeen aan hierdie kant van die Atlantiese Oseaan blyk te besef. Europa tree geleidelik na vore as die **wêreld se nuwe supermoondheid**. Binne 'n paar dekades sal die Europese Unie die Verenigde State inhaal – indien nie oortref nie – as die oorheersende ekonomiese mag op die wêreldtoneel” (6 Januarie 2002). Die opskrif van Reding se artikel is: “**EU in posisie om die wêreld se volgende supermoondheid te wees**”. Sê dit iets vir ons?

### 'n Moderne “Babilon”

Die Bybel is baie beslis omtrent Europa se oorheersing in die laaste dae. In Openbaring 17 beskryf God die “groot hoer” wat op “volke en menigtes en nasies en tale” sit (vers 15). Dit beskryf hierdie hoer – 'n groot vals godsdiensstelsel – wat op die “Dier” ry. Dit is duidelik dat hierdie Dier die Romeinse Ryk is, wat tot nou toe reeds ses maal herrys het, met *die sewende herrysing* op die horison! “Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die

sewe en gaan na die verderf. En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier” (verse 9-12).

Aan die hoof van hierdie laaste of sewende dier staan 'n menslike koning of diktator wat *self* ook die “Dier” genoem word. In Bybelprofesie word die term “koning” en “koninkryk” dikwels verwissel. Hierdie laaste diktator leef ongetwyfeld reeds *nou* êrens in Europa! Anders as Adolf Hitler, sal hy met groot slinksheid en diplomاسie voor die dag kom. Tien mindere konings of leiers sal hulle “mag” en gesag aan hom gee (vers 13). Die leiers van **hierdie verdorwe** staatsgodsdienste georiënteerde mag sal totaal so *arrogant* wees dat hulle selfs sal poog om teen Christus Self te veg met Sy Wederkoms! “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (vers 14).

Die Almagtige God sal hierdie “dogter” van die Babilon van ouds gebruik om die moderne Huis van Israel wat God se “eersgeboortereg” volk is, te verneder en te straf. Die Bybel sê immers: “Kom af en sit in die stof, jonkvrou, dogter van Babel! Sit op die grond sonder troon, dogter van die Chaldeërs! Want jy sal nie langer genoem word die vertroetelde en verwende nie ... Sit doodstil, en gaan in die duisternis, **dogter** van die

Chaldeërs! want jy sal nie langer genoem word gebiedster van die koninkryke nie. Ek was toornig op my volk, Ek het my **erfdeel** ontheilig en hulle in jou hand oorgegee: jy het hulle geen barmhartigheid bewys nie, op die grysaard het jy jou juk baie swaar laat druk en gesê: Ek sal in ewigheid wees, gebiedster vir altyd; jy het hierdie dinge nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie” (Jesaja 47:1, 5-7).

Die volgende paar verse beskryf hierdie “dogter” van antieke Babilon verder: “Hoor dan nou dit, wellustige wat so veilig sit, wat in jou hart sê: Dit is ek en niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie. Hierdie twee dinge sal dan in 'n oomblik, op een dag, oor jou kom: **k i n d e r l o o s h e i d** en weduweeskap; in volle maat sal hulle jou oorval, ondanks die veelheid van jou towerye, ondanks die groot menigte van jou besweringe” (verse 8-9).

Jesaja 47 identifiseer hierdie dogter van Babilon as die mag wat die “juk” van slawerny op God se mense van die moderne Huis van Israel plaas. Op haar beurt, sal sy egter ook gou *haar* straf ontvang van Jesus Christus wat terugkeer na die aarde! “En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat

al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid” (Openbaring 18:2-3). Let dan ook daarop dat die volgende twee verse die boodskap van Jesaja 47:8-9 feitlik herhaal: “Daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel. En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien” (verse 8-9).

Die ware Jesus Christus van u Bybel keer binnekort terug as Koning van konings om die volke van hierdie aarde te **regeer**. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Wanneer Christus terugkeer, sal Hy Sy mense – beide die Jode **en** die tien sogenaamde “verlore” stamme van Israel – verlos van die mag wat hulle verslaaf het: “Jy dan, wees nie bevrees nie, o my kneg Jakob, spreek die HERE; en wees nie verskrik nie, o Israel! Want kyk, Ek verlos jou uit ver plekke en jou nageslag uit **d i e l a n d v a n h u l l e** gevangenskap; en Jakob sal

terugkom en stil en gerus wees sonder dat iemand hom skrikmaak” (Jeremia 30:10).

Dan “berispe [Hy] hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel **en** die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring – nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: *Ek sal my **wette** in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe*; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees” (Hebreërs 8:8-10). *Mag God daardie dag vinnig laat kom!*

### **Kom uit Babilon uit!**

In die moeilike tye wat voorlê, terwyl hierdie magtige stelsel in dieselfde lande ontvou waar dit *tevore bestaan het*, moet alle Christene wat in die Bybel glo gewillig wees om God *ten volle te vertrou* om na hulle en hul geliefdes om te sien. Dit sal vorentoe toenemend moeiliker word, selfs vir ons wat by hierdie Werk betrokke is, om u regstreeks teen hierdie stelsel te waarsku! Dit sal “politie nie reg wees nie”. Dit sal toenemend meer moeilik word want, namate die tyd uitloop, sal dit *toenemend duidelik word* – ten minste vir diegene wat die Bybel bestudeer en verstaan – wie hierdie

# Sleutels tot Doeltreffende Gebed

Deur Richard F. Ames

*Verhoor God vandag nog gebede? Verhoor Hy u gebede? U gebede kan verhoor word met dramatiese resultate!*

Volgens Barna Marknavorsing bid "meer as vier uit vyf [VSA] volwassenes (82%) gedurende 'n normale week". Dit mag indrukwekkend klink, maar hoeveel mense bid *elke dag*? Onthou dat Jesus ons in die "Onse Vader", wat 'n raamwerk vir gebed is, leer om *daaglik*s te bid (Matt. 6:11).

Kan gebed werklik dinge verander? Volgens Barna Marknavorsing, "glo Amerikaners in die krag en impak van gebed. Vier uit vyf (82%) glo dat wat in 'n persoon se lewe gebeur deur gebed verander kan word (1994)". Glo u dit persoonlik?

Die Bybel gee baie voorbeelde van God se ingryping in die lewens van diegene wat Hom soek en op Hom vertrou! Neem die voorbeeld van die profeet Daniël: "En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bokamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het" (Dan. 6:11). Daniël is in die

leeu-kuil gegooi, maar God het die biddende Daniël gered en sy lewe gespaar (verse 17-24)!

U Bybel openbaar ook die *krag* van gebed. U sal onthou dat Lasarus na Jesus se gebed uit die dood opgewek is (vgl. Joh. 11), terwyl Sy dissipels ook sodanige krag in gebed ondervind het. Toe die apostel Petrus in Joppe was, is hy ontbied om Tabita op te wek. Sy was 'n dissipelin en in lewe baie geliefd onder die weduwees wat haar dood betreur het. Ons lees dat "Petrus ... almal buitentoe gestuur en neergekniel en gebid [het]. En hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: Tabita, staan op! En sy het haar oë oopgemaak; en toe sy Petrus sien, het sy regop gesit. En hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die heiliges en die weduwees en stel haar lewendig voor hulle. En dit het bekend geword in die hele Joppe, en baie het in die Here geglo" (Hand. 9:40-42). Ja, die apostel Petrus het 'n vrou uit die dood opgewek!

U mag nou welsê dat "hierdie groot manne in die geloof was. En as ek nie soveel geloof het nie?" God se Woord gee ons die goeie nuus dat ons wel geloof

kan hê. God gee regdeur die Bybel baie beginsels, of "sleutels" tot doeltreffende gebed. Indien ons van hierdie sleutels gebruik maak, *kan* ons gebede verhoor word.

## Sleutel # 1: Bid Oprek tot die Ware God

Baie mense sê gememoriseerde gebede op. As seun het ek met slapenstyd 'n kindergebed opgesê, maar my ouers het my darem ook gehelp om vir andere in *my eie woorde* te bid. Wanneer u bid, gebruik gerus u eie woorde om in alle opregtheid met God te praat.

Onthou dat u tot die *ware* God moet spreek! Daar is baie vals gode, terwyl baie mense in geen God glo nie. U moet vir uself bewys dat God wel bestaan! God is die Skepper. Hy is die Wetgewer, beide van die natuurwet soos ook Einstein dit ingesien het en die geestelike wet soos deur die Bybel openbaar. Die Nobelpryswenner, Albert Einstein, kon die ontwerp en ontsagwekkende intellek in die skepping waarneem. Hy sê dat die wetenskaplikes se "godsdienslike gevoel die vorm van ekstatische verwondering



aanneem oor die harmonie in die natuurwet; dit openbaar so 'n groot intellek dat al die sistematiese denke en handeling van die mens, as dit daarmee vergelyk word, slegs 'n uiters onbenullige weerkaatsing is" (*Einstein: A Centenary Volume*, uitg. A.P. French, bl. 305).

God gee ons oorweldigende bewyse van Sy bestaan en doelstellings. Nogtans beweer sommige verwande, selfingenome, arrogante en oningeligte mense dat daar geen God is nie. Weet u wat noem God hierdie godloënaars? "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie" (Ps. 14:1). Alhoewel sommige "intellektuele" die geloof in God bespot as dwaas, is dit hulle wat as dwaas openbaar word.

God is gereed om met almal in gesprek te tree wat Hom werklik soek, selfs onder die mees wanhopige omstandighede. Toe Nebukadnésar die mense van Juda in gevangenskap na Babilon geneem het, sê Jeremia dat hulle nog hoop het: "Want so sê die HERE: As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee en aan julle my goeie woord vervul om julle na hierdie plek terug te bring. Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. En

Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE" (Jer. 29:10-14).

Daardie selfde beginsel is van toepassing op u! U kan 'n gesprek voer met die Skepper van die heelal! Hy sê dat u Hom kan vind **indien** u Hom met u hele hart soek. U kan tot Hom bid of met Hom praat; Hy sê: "Ek sal na jou luister!" Hoe wonderlik is dit nie!

### **Sleutel #2: Bestudeer die Bybel**

U geloof kan versterk word deur te lees hoe God mense gehelp en hulle verlos het uit benarde omstandighede en beproewings. Lees na oor die antieke Israeliete se ontvlugting deur die Rooi See, van Daniël se verlossing uit die leeu kuil en hoe Sadrag, Mesag en Abednego gered is uit Nebukadnésar se brandende vuuroond. Lees van die wonderwerke wat Jesus gedoen het, naamlik die genesing van siekes, blindes, dowes en verlamdes. Die apostel Paulus skryf: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God" (Rom. 10:17). Die Bybel is die Woord van God. Lees dit elke dag! Toon begrip vir wat God die Skepper werklik in die verlede gedoen het – en wat Hy u vandag belowe!

God maak aan ons beloftes wat geld nie kan koop nie. Een van my geliefkoosde Bybelverse gee 'n wonderlike perspektief van wat God kan doen: "En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk,

aan Hom die heerlijkheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen" (Ef. 3:20-21).

Watter tipe probleme ervaar u? Gesondheidsprobleme? Finansiële probleme? Werksprobleme? Familie probleme? Akademiese probleme? Geestesgesondheidsprobleme? God kan enige probleem wat u het oplos! Ons moet natuurlik ons deel doen – Hy kan nie ons probleme oplos as ons aktief teen Sy hulp werk nie. Ons kan egter vertroue wees in die wete dat Hy wondere vir ons kan doen, "ver bo alles wat ons bid of dink". Soos u die Bybel bestudeer sal u voorbeelde vind van verhoorde gebede en bemoediging dat u eie gebede verhoor sal word, soos God belowe het.

### **Sleutel #3: 'n Diepe berou oor u sondes**

Ons moet elkeen verantwoordelikheid neem vir ons dade. Ons menslike natuur maak dit egter moeilik om ons foute, probleme en sondes te erken. Ons kan nie in sonde bly voortleef en verwag dat God ons gebede verhoor nie. Ook die profeet Jesaja skryf: "Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie" (Jes. 59:1-2).

God sal nie die gebede van geharde, onboetvaardige,

gewoonte sondaars verhoor nie. Wat van iemand wat regtig sy lewe wil verander en van sy sondige gewoontes en dade verlos wil word? God sal u help as u nederig en beskaamd oor u sondige natuur, na Hom toe gaan. Ons sien dieselfde *g e s i n d h e i d i n d i e* evangelieverhaal van die Fariseër en die tollenaar (belastinggaarder):

“Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word” (Luk. 18:10-14).

God sal u gebed verhoor indien u **werklik** berou het en u sondigheid erken, vasbeslote om te verander. Hieroor skryf die apostel Johannes dan ook: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig” (1 Joh. 1:9). Dit vereis moed om jou sondes te erken en om te besluit

om daarvan weg te keer. Ons moet ons *almal* verootmoedig en God met ons hele hart soek. Jesaja vermaan ons: “Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jes. 55:6-7).

#### **Sleutel #4: Soek God se Wil**

In die “Onse Vader” leer Jesus ons bid “laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde” (Luk. 11:2). God se wil, nie ons s'n nie! Jesus het begeer om Sy Vader se wil te doen. Toe Hy in swaare stryd gebid het gedurende die nag voor Sy kruisiging, vra Hy dat die beker van lyding Hom moet verbygaan – as dit God se wil is (vgl. Luk. 22:42). Hy het egter Sy wil ondergeskik aan Sy Vader se wil gestel en was gewillig om vir my en u te ly. Let op dat God vir Jesus versterk het om Sy offerande te verduur (vers 43), net soos Hy ons sal versterk as ons bid dat Sy wil moet geskied. Somtyds mag dit God se wil wees om u gebed met 'n “Nee” te antwoord. Maar indien Hy wel “Nee” sê, sal Hy u versterk om dit te kan verduur.

Dit is ook belangrik dat ons God se algehele wil vir ons verstaan, nie net in 'n besondere beproewing nie, maar in die totale Lewenswyse wat Hy in die Bybel openbaar. Die apostel Johannes deel 'n wesenlike beginsel van verhoorde gebed

wanneer hy skryf: “En wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Joh. 3:22). Kom u Sy gebooie na en doen u wat vir Hom welgevallig is? As u hierdie onderdanige houding van gehoorsaamheid het – soos wat Jesus gehad het – sal u gebede welgevallig wees vir God se wil in u lewe.

Mense is van nature selfsugtig. Ons wil altyd graag net hê, maar God se manier is om te gee. Bid u so? Bid u vir ander voordat u vir uself bid? Bid u tot God om Sy wil eerder as u wil te laat geskied? Die wêreld *m o e d i g h e b s u g e n* selfsugtigheid aan, maar Jesus het 'n voorbeeld van onselfsugtigheid gestel. Selfs toe hulle besig was om Hom te kruisig, bid Hy vir andere: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie” (Luk. 23:34).

#### **Sleutel #5: Vertrou op God**

Ons het reeds gesien dat ons kan groei in geloof as ons die Bybel lees. Hebreërs 11 word die “geloofshoofstuk” genoem. Hier lees ons van die manne en vroue van geloof. U *kan* geloof in God hê. God belowe dat indien u Hom ernstig soek, u Hom sal vind: “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek” (Heb. 11:6).

Eerstens moet u die bestaan erken van 'n alwyse, almagtige Skepper God wat u en elke mens op aardelief het! Ons lees:

“Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang. Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie” (Heb. 11:1-3).

### **Sleutel # 6: Bid Vuriglik**

God is besig om 'n geestelike familie te skep. Hy wil hê dat u Sy seun of dogter moet wees! So moet u dan God as u Vader erken in u gebede! U moet ook God as die Skepper erken soos koning Dawid dit dikwels in sy gebede gedoen het. Koning Dawid was 'n man na God se hart, soos Handeling 13:22 dan ook sê. Dawid het met gevoel en entoesiasme gebid.

Baie van die Psalms is eintlik die innige gebede van Dawid. Hy was baie reguit – baie openlik en eerlik – met God oor sy gevoelens, sy vrese en sy probleme. Hy het vuriglik

uitdrukking gegee aan sy geloof en vertrouwe dat God sy gebed sal hoor. Hy het uitgeroep: “Ek roep U aan, want U verhoor my, o God! Neig u oor tot my, luister na my woord! (Ps. 17:6). Dawid het sy hart in sy gebede uitgestort, anders as wat menige antieke Israëliete gedoen het waarvan God sê: “Ook roep hulle nie van harte na My nie” (Hos. 7:14).

Dit is nodig dat ons vuriglik bid en dit is ook nodig dat ons vuriglik vir andere moet bid! Bid u vir diegene wat siek is? Onthou wat die apostel Jakobus skryf: “Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag (Jak. 5:16).

### **Sleutel #7: Bid in die Naam van Jesus Christus**

Gebed is 'n voorreg. Dit is ons geleentheid om geestelik tot die troon van die Hemel te kom. Ons bid egter nie op eie gesag nie. Ons bid in die Naam of gesag van ons Here wat ons opdrag

gee om te bid. Dit is die Seun van God wat ons in die Bybel leer om “te bid, te soek en te klop”. Verskeie kere in Johannes se evangelie belooft Christus dat God ons gebede sal verhoor as ons dit in Sy Naam doen. Jesus gee ons die gesag en aanmoediging om te bid. Om in Jesus se Naam te vra beteken om in Sy gesag te vra! Jesus het Sy dissipels opdrag gegee: “En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee” (Joh. 16:23).

Wanneer u dus bid moet u besef dat u *nie* voor God se troon kom *in u eie gesag nie*, maar in die gesag van die Seun van God, naamlik Jesus Christus.

Maak gebruik van hierdie sewe sleutels vir doeltreffende gebed en u sal dramatiese veranderinge ten goede in u lewe ervaar asook in die lewe van diegene om u. U *kan* meer opreg, meer doeltreffend en meer gereeld bid – met geloof en vertrouwe. §

## **Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed**

Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie? Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Verstaan die Visie!

Deur Douglas S. Winnail

Het u *werklik* die visie verstaan wat Jesus Christus na hierdie aarde gebring het en wat Sy dissipels verkondig het aan hierdie wêreld? Begryp u *werklik* die omvang van die visie wat God aan Sy profete van ouds geopenbaar het? Watter impak het hierdie visie van die toekoms op u verstand gehad? Het die realiteit van daardie visie u *lewe enigsins verander*?

Elke jaar tydens die Loofhuttefees word ons gekonfronteer met dieselfde vraag: "Waarom is ons hier?" Ons het dit waarskynlik al so baie gehoor dat dit ons nie meer tot stilstand dwing vir selfondersoek na ons redes vir ons bywoning van die Fees nie! Dit is maklik om aan te neem dat ons die antwoord *ken* – ons is daar om die Fees te hou en 'n voorsmakie te geniet van die Wêreld van Môre waar Jesus Christus en die heiliges sal regeer tydens die Millenium. Om die regte antwoord te *ken*, *beteken egter nie* dat ons die visie *verstaan* nie!

Om die visie te verstaan, behels die vermoë om die *werklikheid* van die komende Koninkryk van God te kan *sien* – *dat dit wêrklik gaan gebeur* – en dat u reeds *nou* kan begin voorberei vir belangrike rolle in die komende Koninkryk van God. Om die visie te verstaan, beteken dat u sal begin om enige aspek van u lewe te verander –

die manier wat u dink of optree – om God se opdragte meer volmaak uit te voer, omdat u besef dat ons besig is met opleiding vir toekomstige geleenthede in God se Koninkryk. Een van ons groot verantwoordelikhede in God se Koninkryk sal wees om andere te onderrig in die weë van God (Jes. 30:20-21). Ons sal nie in staat wees om andere te leer dit wat ons self nie *werklik* glo en nie nou ten *volle* volg nie! Wanneer u werklik die visie verstaan van die komende Koninkryk van God – wanneer dit vir u *werklik* is – sal die versoekings, plesiere en prioriteite van hierdie wêreld nie die aantrekking hê wat dit eens gehad het nie. U primêre fokus sal wees op die voorbereiding vir die toekoms en daardie fokus sal u riglyn wees vir u besluite oor hoe om u tyd en energie aan te wend.

Hoe verstaan ons werklik die visie? Hoe bring ons werklik daardie visie in fokus? Wat doen ons as ons die visie verstaan? Hoe maak ons seker dat daardie visie nie vaag raak en opsy gestoot word deur meer onmiddellike aangeleenthede nie? Hoe kan ons voorkom dat ons hierdie ongelooflike en opwindende visie uit die oog verloor?

## Visie gedefinieer

Om enigiets te begryp, moet jy eerstens 'n duidelike visie hê

van wat jy probeer begryp. As ons vandag die woord *visie* hoor, mag dit dalk 'n vreemde, bonatuurlike of surrealistiese ondervinding wat nie met realiteit verbind kan word nie, in ons gedagtes laat opkom – 'n droom wat maklik afgewys kan word. Mense wat drome ernstig opneem, word dikwels beskou as effens van lotjie getik. 'n Werklike visie is egter 'n *praktiese* droom – iets wat 'n mens in die gedagte kan visualiseer – 'n droom met 'n spertyd. Dit is iets wat 'n mens wil doen of bereik; iets wat 'n mens planne en 'n strategie voor beraam om dit te bereik. Dit is iets wat 'n mens jou kan voorstel dat dit werklik kan gebeur of om deel daarvan te wees – 'n doelwit wat 'n mens in jou gedagtes kan sien en in jou hart kan voel waarvoor jy sal opoffer ten einde dit te bereik. 'n Persoon met 'n visie verstaan wat kom – net buite sig, oor die horison – wat ander mense op hierdie tydstip nie verstaan nie. Wanneer mense 'n visie verstaan, begin hulle om hulle lewe te herstruktureer en hulle energie te kanaliseer om daardie visie te verwesenlik – hulle fokus op 'n toekoms wat *werklik* en *haalbaar* is.

Om die regte visie te kies, is een van die belangrikste besluite wat u ooit sal neem. Om 'n *sin vir visie* te ontwikkel, sal ook 'n kragtige impak op u lewe

hê, want dit sal u onderskei van die gemiddelde mens – u sal nie meer inpas by baie van u vriende nie – selfs ook familieledede. Die skrywer Jonathan Smith het eenmaal geskryf: “Visie is die kuns om aangeleenthede te sien wat onsigbaar is vir ander”. Die Amerikaanse humoris Will Rogers het gesê: “Die kêrel wat 'n week vooruit sien, is gewild, want hy kyk saam met almal, maar die een wat jare vooruit sien, het 'n teleskoop en mense vind dit moeilik om hom te glo”. Ten einde gefokus te bly op 'n visie moet dit vir jou werklik wees – en jy moet die voordele vir jouself en andere kan sien, om die visie te verwesenlik. Die voordele daarvan om die visie 'n realiteit te maak, moet swaarder weeg as enige korttermyn belonings wat 'n mens dalk mag moet prysgee. Die Huttefees en ander Feeste van God is ontwerp om ons te help fokus op die visie – om 'n beter begrip te kry van die plan van God, wat dit vir die wêreld beteken en hoe ons kan voorberei om deel te neem en by te dra in die komende Koninkryk van God. Hierdie is van die *ware* redes waarom ons God se Feeste bywoon.

### Visie van Jesus

Wat was die visie wat Jesus Christus na hierdie wêreld gebring en as die evangelie verkondig het? Dit is tragies dat die enigste evangelie – enigste visie wat baie belydende Christene gehoor en aanvaar het, aangaande die persoon van Jesus is: dat Hy hulle liefhet, Sy

lewe vir hulle gegee het en hulle sal seën as hulle Hom en hulle naaste liefhet. Alte dikwels kom dit neer op 'n evangelie van gevoelens en emosies wat die ongelooflike *boodskap* wat Christus gepreek het, ignoreer en verdoesel asook die fantastiese implikasies van daardie boodskap. Die Bybel is egter baie duidelik oor die visie wat Jesus aan Sy dissipels oorgedra het.

Markus skryf dat “Jesus in Galiléa gekom en *die evangelie van die koninkryk van God verkondig* [het] en gesê: ... bekeer julle en *glo die evangelie*” (Mark. 1:14-15). Jesus se prediking het behels dat hy “in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees” het (Matt. 4:23; 9:35). Toe Jesus Sy twaalf dissipels geroep het, het Hy “hulle uitgestuur om *die koninkryk van God te verkondig* en die siekes gesond te maak” (Luk. 9:1-2). Jesus het later opdrag aan Sy dissipels gegee “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (Mark. 16:15). Alhoewel Jesus verstaan het dat daardie deel van Sy missie was om te sterf vir die sondes van die mensdom, (Joh. 3:16) sodat ons vergewe kon word by bekering (Handelinge 2:38), was Sy groot fokus om die evangelie te verkondig van die komende Koninkryk van God – soos die Bybel onthul. Jesus het gesê dat Sy boodskap direk van Sy Vader kom (Joh. 6:38; 8:26) en dat Hy totaal toegewy is aan die werk

en wat dit sou behels (Joh. 4:34). Jesus was 'n man met 'n missie wat gefokus was op 'n visie van die Koninkryk van God. As ons Sy leringe glo en Sy voorbeeld volg, sal ons gefokus bly op dieselfde visie.

### Apostoliese Christenskap

Wat was dit wat mense aangetrek het tot die boodskap van Jesus Christus? Waarom was baie bereid om te sterf vir hulle geloof? Wat was die visie wat die Apostels aan die wêreld oorgedra het? Jesus se dissipels het geredelik verstaan dat posisies van groot verantwoordelikheid vir hulle wag in die Koninkryk van God. Jesus het vir die Apostels gesê dat hulle beloning sou wees om die ewige lewe te beërwe en “op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel” (Matt. 19:23-30). Die moeder van Jakobus en Johannes het vir Jesus gevra dat haar seuns topposisies in die Koninkryk moes beklee (Matt. 20:21) wat Jesus laat verduidelik het dat die houding wat noodsaaklik was vir die Koninkryk, is om te leer hoe om andere te dien (Matt. 20:26-28). Individue wat God sal gebruik in verantwoordelike posisies in die Koninkryk sal hulle talente nou ontwikkel om te funksioneer as dienende leiers in die Wêreld van Môre.

Dit het tyd geneem vir die dissipels om die belangrikheid te verstaan van ontwikkeling van die regte gesindheid en motivering om God se Koninkryk binne te gaan. Hulle het egter die groot prentjie gesien en was



opgewonde oor hierdie ongelooflike toekoms! Lukas noem dat die hoofonderwerp van Jesus se gesprekke met Sy dissipels na Sy opstanding gehandel het “oor die dinge van die koninkryk van God” (Hand. 1:3). Die groot vraag in die gedagtes van die dissipels het gegaan oor hulle beloning: “Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?” (Hand. 1:6). Hulle het nie vol emosie gebabbel oor “hoe lief hulle die Heer het nie!” Hulle het die visie verstaan en wou weet wanneer dit 'n realiteit sou word. Dáárop het hulle gefokus. Dit is hoekom hulle opgewonde was!

Die dissipels het verduidelik dat God sonde sou vergewe en Sy Gees sou gee aan diegene wat hulle bekeer het en dat Hy hulle kon red van die lot van 'n wêreld oppad na vernietiging (Hand. 2:36-41). Hulle het egter voortgegaan om dieselfde evangelie en dieselfde visie te verkondig wat hulle harte en verstand aangegryp het. Toe Fillippus na Samaria gegaan het, het hy “die evangelie aangaande die Koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig” (Hand. 8:12). Toe Paulus gepraat het met die ouderlinge in Efese, het hy hulle daaraan herinner dat hy gekom het om “die koninkryk van God [te] verkondig” (Hand. 20:25). Later in Rome was Paulus steeds besig om “'n kragtige getuienis ... vir hulle die koninkryk van God uit [te] lê ... uit die wet van Moses en uit die profete [het hy] hulle probeer oortuig aangaande Jesus”

(Hand. 28:23, 31). Dekades later het Johannes steeds die wonderlike toekoms beskryf vir individue wat bereid was om hierdie visie te deel soos hy verduidelik het dat God “ons konings en priesters vir onse God [sal] ... maak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Op. 5:10, sien ook 1:6) en dat diegene wat kwalifiseer vir die Koninkryk van God “priesters van God en van Christus [sal] wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Op. 20:6). Die Apostels het nooit daardie visie *uit die oog verloor* nie! Vir hulle was die Koninkryk van God die *magnetiese Noord* – dit het hulle op die regte koers gehou – oppad na die regte doel.

Hierdie ongelooflike visie van die Koninkryk van God was die dryfkrag in die uitbreiding van *ware Christendom* gedurende die vroeë eeue van die Kerk – voordat misleide leraars visie begin verloor en hulle tot 'n ander evangelie gewend het. Historikus Edward Gibbon verskaf 'n verstommende weergawe van hoe dit gebeur het. Hy skryf: “Die ou en gewilde leerstelling van die Millenium was nou verbind met die wederkoms van Christus ... dat Christus met die triomfantelike gevolg van heiliges en die uitverkorenes wat die dood vrygespring het ... op aarde sou regeer voor die laaste en algemene opstanding ... Die versekering van so 'n Millenium was versigtig ingebring deur 'n opeenvolging van Vaders van Justin Martyr en Irenaeus wat

met die onmiddellike dissipels van die Apostels gesprek gevoer het ... Hoewel dit nie universeel aanvaar mag gewees het nie, blyk dit die heersende sentiment van die ortodokse gelowiges te gewees het; en dit blyk so goed aangepas te gewees het tot die begeertes en vrese van die mensdom dat dit tot 'n groot mate moes bydra tot die vooruitgang van die Christelike geloof ... maar toe die bouwerk van die kerk byna voltooi was, is die tydelike steun opsy gestoot. Die leerstelling van Christus se regering op aarde wat aanvanklik hanteer is as 'n grondige sinnebeeld, is beskou as *twyfelagtige* en *nuttelose* opinies en is na 'n tydperk verwerp as die absurde versinsel van dwaalleer en fanatisme (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, vol. 1, hfst. 15). Dit is 'n merkwaardige stelling oor wat gebeur het met die sentrale en mees kragtige aspek van die evangelie wat Jesus en Sy dissipels aan die wêreld verkondig het. Die feite van die geskiedenis het aangetoon dat die hoofstroom van Christendom (Katoliek en Protestant) eenvoudig *die visie verloor het* en nou 'n *ander evangelie* verkondig – oor om hemel toete gaan!

### Vroeë waarskuwings

Hierdie geleidelike, dog dramatiese afwyking van die waarheid was voorsien en waarskuwings is uitgereik aan elkeen wat wou luister om nie die regte visie uit die oog te verloor nie. Jesus het voorspel: “Baie

sal onder my Naam kom en ... sal baie mense mislei” (Matt. 24:5). Paulus was verstom dat individue wat hy persoonlik onderrig het, so gou afvallig geword het “na 'n ander evangelie toe” (Gal. 1:6-9). Ons word gewaarsku dat aan die einde van die dae *baie* mislei sal word om leuens te glo aangesien “hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het nie” en omdat hulle “die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid” (2 Thess. 2:10-12). Paulus het gewaarsku dat sommiges moeg sou word en die nuwigheid van spekulatiewe idees en fabels sou verkies (2 Tim. 4:3-4). Dit is wat kan gebeur met enigiemand wat nooit regtig die visie verstaan het nie of wat toelaat dat die visie vaag en dof raak of opsy gestoot word deur ander meer onmiddellike korttermyn aangeleenthede of wat eenvoudig die visie laat vaar. Dit is waarom Jesus gewaarsku het “Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk [om sy oë af te wend van die visie], is geskik vir die koninkryk van God nie” (Luk. 9:62). Dit is ook waarom Jesus Sy dissipels aangemoedig het: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Matt. 6:33).

### Besonderhede van die visie

Waar kry ons die opwindende besonderhede van die visie van die Koninkryk wat Christus se dissipels blykbaar

verstaan het maar min oor te sê gehad het in die Nuwe Testament? Paulus dui aan dat sy inligtingsbron die geskifte van Moses en die profete was (Hand. 28:23). Johannes se aanname dat ons konings en priesters sal wees en op die aarde regeer, kom van Eks. 19:6; Jes. 61:6; Dan. 7:18, 27. God het vir die Ou Testamentiese profete verskeie besonderhede gegee oor die komende Koninkryk van God, wat baie belydende Christene nie gehoor of verstaan het nie. Jesaja onthul dat in die komende Koninkryk van God die wette van God verkondig sal word aan die wêreld vanuit Jerusalem en nasies “sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jes. 2:2-4). Alle nasies sal leer om die Sabbat te onderhou (Jes. 66:23) en die Heilige Dae (Sag. 14:16-19). Jesus Christus sal 'n wêreldregering instel om mense die weg na vrede te leer (Jes. 9:6-7). Die omgewing sal vernuwe word (Jes. 35:1-6) en stede sal herbou word (Jes. 61:4) met voetgangerwandelgange (Sag. 8:5) en groen stroke om kontak tussen die mens en die natuur te behou (Jes. 11:6-9). Mense sal nie langer in geboue woon wat teen mekaar ingedruk is nie (Jes. 5:8); hulle sal in tuinagtige omgewings woon (Gen. 2:15) waar privaat eienaarskap 'n aansporing is om na hulle eiendom om te sien (Miga 4:4). Siektes sal uitgeskakel word soos wat mense leer om die dieetkundige en higiëniese

wette soos in die Skrif uiteengesit, te gehoorsaam (Jes. 35:4-6; 66:15-17; Lev. 11-13). Die hele fokus van die Millennium sal wees op die *totale hernuwing* van die manier om te lewe gebaseer op God se wette (Hand. 3:19-21).

Wanneer u begin om die visie te verstaan van waaroor die Wêreld van Môre gaan – *wat werklik gaan gebeur* op hierdie aarde wanneer die Koninkryk van God gevestig word – gee dit jou 'n duidelike doel om voor te berei. Om daardie visie te verstaan, sal motivering verskaf om nie alleen kennis van die Bybel te bekom nie, maar ook om Skriftuurlike beginsels op elke aspek van die lewe *toe te pas*: landbou, argitektuur, diersorg, kinderopvoeding, stadsbeplanning, siviele ingenieurswese, bewaring, ekologie, ekonomie, onderwys, vermaak, bosbou, regering, gesondheid, literatuur, huwelik, musiek, voeding, ontspanning en die bestuur van wild om 'n paar te noem – die lys is feitlik eindeloos.

Min besef dat die Bybel *fundamentele* riglyne verskaf ten opsigte van die regte benadering tot sovele belangrike dissiplines. Dit is waarom vir ons gesê word dat “die vrees van die Here is die beginsel van die kennis” (Spreekw. 1:7). Bybelse beginsels verskaf die *ware* vertrekpunt vir enige studieveld. Dit is waarom Petrus Christene adviseer: “Maar julle moet toeneem in die genade en

# Vrae en antwoorde

V: Baie mense is verward oor hoe Jesus Christus se wederkoms gaan plaasvind. Hoe sal ons weet wanneer Hy na die Aarde terugkeer?

A: Voor Sy dood, opstanding en hemelvaart, belowe Jesus Christus: "Ek [kom] weer" (Johannes 14:3). Baie van diegene wat hulself "Christene" noem, verskil egter hemelsbreed in hul oortuigings oor hoe Christus se wederkoms gaan plaasvind. Sommige dink dat Hy in die geheim gaan terugkeer; ander glo dat Hy twee keer sal terugkeer – eers in die geheim en later openlik. 'n Paar ander glo dat Hy alreeds na die aarde teruggekeer het. Wat is die waarheid?

Oomblikke nadat Christus in die wolke opgevaar het (Handelinge 1:9), is die Apostels verdwaas deur die verskyning van twee goddelike boodskappers wat hulle die versekering gee dat: "Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het" (vers 10-11). Hierdie engele bevestig Jesus se belofte dat Hy weer sal kom en verduidelik hoe Hy sal terugkeer. Neem kennis wat die Bybel verder openbaar aangaande Jesus se manier van terugkeer.

Hoewel die Bybel nie presies openbaar wanneer Christus sal terugkeer nie (Mattheus 25:13;

24:36), word ons meegedeel dat Hy *onverwags* – soos 'n "dief in die nag" sal kom, sonder vooraf kennisgewing (Openbaring 16:15; Mattheus 24:42-44). Jesus vergelyk sy wederkoms met die koms van 'n dief as gevolg van die verrassingsfaktor.

Christus se terugkeer aarde toe sal nie in die geheim of skelmpies plaasvind nie. Die Bybel beskryf Sy wederkoms as 'n *baie dramatiese gebeurtenis* (Mattheus 24:29-30). Daar sal 'n geweldige *trompetgeskal wees wat wêreldwyd gehoor sal word* (vers 31), sowel as 'n *harde geroep*, wat Jesus se naderende wederkoms en die opwekking van die dooies in Christus sal aandui (1 Tessalonicense 4:16).

Die Bybel sê ook dat Jesus Christus met Sy terugkeer, vir almal duidelik sigbaar sal wees: "Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees" (Mattheus 24:27). Die Griekse woord *astrape* wat in vers 27 gebruik word, kan "weerlig" of enige helder lig beteken. Vers 30 beskryf Jesus se dramatiese wederkoms verder: "En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn ... en [sal hulle] die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid". Die verheerlikte en herrese Christus is nie soos enige sterflike mens in

voorkoms nie, maar is "soos die son wat skyn in sy krag" (Openbaring 1:16). Die Bybel beskryf dus in eenvoudige terme die sigbare, luide, onmiskenbare Wederkoms van ons Verlosser!

Dit is voorspel dat Jesus Christus na dieselfde Olyfberg naby Jerusalem sal terugkeer waarvandaan hy meer as 1,900 jaar gelede opgevaar het (Sagaria 14:3-4), maar Christus sal nie alleen terugkeer nie. Hy bring al die herrese "heiliges" met Hom saam.

Die Bybel stel dit duidelik dat die *herrese heiliges* "weggevoer" sal word om Christus te ontmoet soos Hy, van die wolke na die aarde, neerdaal. Die herrese afgestorwenes in Christus, tesame met die lewende Christene wat dan met onsterflikheid bekleed sal word, sal die terugkerende Christus in die lug ontmoet (1 Thessalonicense 4:15-17), voordat hulle kort daarna saam met Hom na die Olyfberg neerdaal.

Sal *enigiemand anders* Christus vergesel met Sy dramatiese Wederkoms? Die Bybel dui aan dat 'n leërskare van engele Hom vanuit die hemel sal vergesel, in die heerlijkheid van Sy Vader (Markus 8:38; Openbaring 19:14)!

Wanneer Jesus Christus weer kom, is dit as "Koning van konings en Heer van here" om

die regerende Koninkryk van God op aarde te vestig (Openbaring 19:16). Hy en die herrese heiliges sal dan begin om te regeer en die nasies die weg na ware geluk, vreugde en

vrede leer (Openbaring 20:6; 5:10).

Jesus Christus kom inderdaad weer – hierdie keer met groot mag en heerlijkheid – en die hele mensdom sal getuies

wees van Sy Wederkoms! Dit sal waarlik die grootste, mees *dramatiese en omvangrykste* gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld wees! §

### **Verstaan die Visie! (Vervolg vanaf bladsy 15)**

kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” en om ywerig “by julle geloof [te] voeg” indien ons hoop om die koninkryk te bereik (2 Pet. 3:18;

1:5-11).

As ons werklik die visie verstaan van waaroor die Koninkryk gaan, sal ons nie slegs tyd insit deur te wag op die

Koninkryk nie, maar sal ons *aktief* daarvoor *voorberei*. Dit is wat dit beteken *om die visie te verstaan!* §

# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en vermeld dat u navraag doen  
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**

**Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.**

# Bou op die Grondslag van Jesus Christus

Deur John H. Ogwyn

In die gebied van die land waar ek vir baie jare gewoon het, is daar gereelde advertensies vir herstelwerk aan fundamente. Baie van die grond in hierdie gebied is klei en dit is geneig om met verloop van tyd te kraak en te skuif. Dit veroorsaak struktuurskade aan die geboue self. Soms is die skade gering en soms is dit ernstig, maar geen struktuur kan meer solied en stewiger wees as die fondament waarop ditgebou is nie.

Wanneer die fondament van 'n gebou skuif, skuif gedeeltes van die gebou ook. Soms is dit sigbaar deur haarlynkrake in die mure of plafon. Ander tye, as die verskuiwing groter is, kan die vloer merkbaar skuins loop en deure mag moeilik oop- en toemaak. 'n Gebrekkige fondament kan baie probleme veroorsaak en kan nogal ernstig wees.

Dit is nie slegs die geval met huise en ander geboue nie, maar ook in ons lewens! Wat is die grondslag waarop *u lewe* gebou is? Is dit solied? Kan daarop gereken word om *nooit* te kraak nie? Ons het baie mense geken en lief gehad wie se lewens dramaties verander en in sommige gevalle selfs in duie gestort het. Hoe kan u verseker dat so iets nooit met u gebeur nie?

Jesus van Nasaret het grootgeword terwyl Hy die boubedryf van Sy stiefvader, Josef, aangeleer het. Hy het goed geweet hoe om 'n sterk, stewige struktuur te bou. Jesus het van tyd tot tyd gedurende sy bediening, vergelykings van die boubedryf in Sy gelykenisse getref. In Mattheus 7:24-27 is 'n bekende voorbeeld waar Hy twee mans beskryf wat huise op verskillende fundamente bou. Een man bou op sand terwyl die ander op 'n rots bou. Aanvanklik het beide huise reg gelyk, maar toe 'n groot storm kom, het een huis staande gebly terwyl die ander ineengestort het. Christus gebruik hierdie gelykenis om ons te leer dat 'n lewe wat op 'n stewige grondslag gebou word, op *gehoorsaamheid* aan Sy leringe gebaseer is. Gehoorsaamheid aan God is die enigste manier om die lewensstorms die hoof te bied.

Die Bybel maak dit duidelik dat Jesus Christus ons fondament moet wees. Hy is die Rots waarop die Kerk selfgebou is (sien Mattheus 16:18). Dit beteken dat die ware Kerk dit wat Christus self beoefen en geleer het, sal doen. Verder moet Hy die *persoonlike* grondslag wees waarop elkeen van ons ons lewens bou. Wat presies beteken dit en hoe kan

ons dit toepas?

In 'n brief aan die Kerk in Korinte, benadruk die apostel Paulus dat hy "Christus wat gekruisig is" preek wat vir die Grieke dwaasheid en vir die Jode 'n struikelblok is (1 Korintiërs 1:22-23). Die Jode het gesoek na 'n wonderteken uit die hemel, terwyl die Grieke wou hê dat alles logies moes wees en sin maak. Die Jode het gestruikel by die gedagte aan 'n Messias wat gely en gesterf het, omdat hulle 'n Messias verwag het wat "skok en vrees" onder die heidene sou teweegbring. Vir die Grieke het 'n lydende Redder eenvoudig net nie sin gemaak nie. Hulle het nie die logika daarin gesien nie. Hulle het almal hul eie verwagtings gehad en die Goddelike plan het nie aan hul vooropgestelde idees voldoen nie.

Die klem van Paulus se boodskap was baie anders as wat hierdie groepe verwag het. Hy verduidelik dat hy hom "voorgeneem [het] om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde" (1 Korintiërs 2:2). Paulus se boodskap fokus in geheel op Jesus Christus – *nie* bloot Christus as *persoon* nie, maar ook Sy *voorbeeld* en *boodskap*! Paulus sê aan die Korintiërs: "Want ons is



medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle. Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus" (1Korintiërs 3:9-11).

Die apostel Paulus het beklemtoon dat Jesus Christus die grondslag moet wees waarop alles gebou word. Is Hy die grondslag in u lewe? Hoe kan u seker wees? As Hy nie is nie, gaan wat u ook al bou, uiteindelik kraak en verkrummel omdat daar geen ander seker fondament kan wees nie. Onthou, Jesus self het verduidelik dat om op die Rots te bou nie net beteken om te luister na wat Hy geleer het nie, maar om dit ook in ons lewens toe te pas (Mattheus 7:24). Hoe lyk 'n lewe dan wat op Jesus Christus gebou is? Hoe kan ons een hê?

### 'n Lewe van oorgawe

'n Lewe wat gebou is op die grondslag van Jesus Christus, sal allereers 'n lewe van oorgawe wees. Geen lewe wat op eiesinnigheid gebou word kan werklik geestelik suksesvol wees nie. Jesus benadruk aan Sy luisteraars: "Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het" (Johannes 6:38).

Die moeilikste taak vir enige van ons is moontlik om ons eiesinnigheid op te gee. Menslik

gesproke, wil ons almal ons eie sin hê! Vrees staan gereeld in die pad om op God eerder as op onself te steun, aangesien ons nie heeltemal seker is wat God in gedagte het nie. Gevolglik poog ons om onself te beskerm teen dit wat ons as seerkry of verlies ervaar.

J e s u s h e t b a i e godsdiensteikers van Sy tyd vergelyk met klein kindertjies wat op die markplein speel. Hulle was redelik gefrustreerd, eerstens met Johannes die Doper en later met Jesus Self, want nie een van die twee wou volgens hulle pype dans nie (sien Mattheus 11:16-19). Hoewel Johannes die eerste direkte profeet van God in vier eeue was om op die toneel te verskyn en Jesus die Messias Self was, het nie een van die twee aan die godsdiensteikers se verwagtinge voldoen nie. Die gevolg was dat die meeste godsdiensteikers God se ware diensknegte verwerp het. Die godsdiensteikers van Christus se tyd was nie totaal oorgegee aan God se wil nie; hulle wou dinge op hulle eie manier doen.

Die kragtigste verhaal wat oorgawe illustreer, is seker die beskrywing van Jesus Christus se gebed tot die Vader net voor Sy inhegtenisname en daaropvolgende kruisiging. Die verskrikking van wat reg voor Hom gelê het was skynbaar oorweldigend met Sy en die dissipels se aankoms in die Tuin van Getsémané, kort na afloop van hul Pasgamaal. Christus het na 'n afgesonderde plek 'n entjie weg van die dissipels gegaan en

Sy hart uitgestort in sielpynigende gebed tot die Vader. Hy het met sulke intensiteit gebed dat Hy bloed gesweet het. Jesus het tot die Vader uitgeroep en gesê "as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan" indien daar enige ander manier is om God se plan te volbring. "Nogtans" verklaar Hy, "nie soos Ek wil nie, maar soos U wil" (sien Mattheus 26:36-39). Jesus Christus het alle tekens van eiesinnigheid volkome oorgegee en God se wil onvoorwaardelik gesoek. 'n Lewe wat gebou is op die grondslag van Jesus Christus kan niks anders as 'n lewe van oorgawe wees nie!

### 'n Lewe van toewyding

Om "toegewyd" te wees beteken om afgesonder te wees vir goddelike diens. Toewyding was 'n konsep wat dikwels in die Ou Testament aangewend is om iets te beskryf wat aan God behoort of aan Hom opgedra was. Offerandes, tiendes en selfs die stam van Levi was beskryf as "toegewyd" of opgedra aan God en Sy nut. Toe Israel aanvanklik die Beloofde Land binnegegaan het, was die hele stad Jerigo – verteenwoordigend van die eersteling van Israel se oorwinning – toegewy aan God. Dit was 'n baie ernstige saak. Toe Agan in die geheim van die goud en kledingstukke geneem het, het dit God se vloek oor die hele nasie gebring, omdat Agan dit wat God vir Homself toegeëien het, vir hom persoonlik geneem het.

Jesus Christus het Sy lewe beskou as totaal toegewy aan God. Johannes 4 vertel ons dat Jesus en Sy dissipels vanaf Judéa na Galiléa gereis en op pad in Samaria gestop het. Terwyl die dissipels na die dorp gegaan het om kos te koop, het Jesus by die put gewag. Teen die tyd dat die dissipels teruggekeer het, het 'n menigte om Jesus begin vergader. Hy het aan hulle God se plan en doel verduidelik. Die dissipels was angstig om die maal te begin en het Jesus aangemoedig om te eet. “Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie”, het Jesus vir hulle gesê. Verward oor waar Hy die voedsel gekry het, het die dissipels die saak onder mekaar bespreek. Toe Hy besef dat hulle die betekenis nie verstaan nie, verduidelik Jesus voorts: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring” (Johannes 4:34).

Vir die dissipels het die lewe in die algemeen om fisiese dinge gewentel. Jesus Christus daarenteen het geleef om Sy Vader te behaag en om die geestelike werk wat aan Hom toevertrou was, te voltooi. Sy lewe was geheel en al aan God en Sy diens toegewy. Daarom moet 'n lewe wat op die grondslag van Jesus Christus gebou word, 'n lewe van toewyding wees.

Wat presies beteken dit vir ons? Christus het beslis die normale verantwoordelikhede van alledaagse lewe uitgevoer. As jong mens het Jesus toegeneem in wysheid (Lukas

2:52), voor die aanvang van Sy bediening as timmerman gewerk (Markus 6:3) en tyd gevind om sosiale geleenthede by te woon (Johannes 2:1-2). Ten spyte daarvan was Hy tog van jongs af diep bewus van die behoefte om in die dinge van Sy Vader betrokke te wees (Lukas 2:49). Jesus Christus het Sy vervulling van God se doel vir Hom *eerste gestel*.

### 'n Lewe van nederigheid

Trots is 'n algemene menslike swakheid. As jong man het Benjamin Franklin 'n projek begin met die doel om morele volmaaktheid te bereik. Hy het 'n baie eenvoudige plan gehad: hy het 'n lys van deugde gemaak wat hy wou opneem in sy karakter en het begin deur aan een deug op 'n slag te werk! Hy het beplan om nadat hy 'n gewoonte van een gemaak het, na die volgende aan te beweeg, totdat hy uiteindelik die hele lys uitgevoer het. Franklin het meer probleme met sommige deugde as met ander gehad, en uiteindelik die onmoontlikheid van sy taak besef. Die deug wat hy die uitdagendste gevind het, was nederigheid. Uiteindelik het hy in frustrasie verklaar: “Ek is bevrees dat as ek ooit werklik nederig word, ek *trots* sal wees daarop”.

Dit is duidelik dat nederigheid nie iets is wat vanself kom nie. Aan die ander kant verklaar die Bybel tog duidelik: “God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade” (Jakobus 4:6). As daar ooit

iemand was wat geregtig was daarop om trots te voel, was dit sekerlik Jesus van Nasaret. Tog verklaar Jesus in Mattheus 11:29: “Ek is sagmoedig en nederig van hart”. Hoekom was dit? Dit was omdat Jesus ten volle gefokus was op die Vader eerder as op Homself. Hy het geredelik erken dat Hy niks uit Homself kon doen nie, en dat dit die Vader was wat die werk gedoen het (Johannes 5:30; 14:10). Ware nederigheid spruit voort daaruit dat ons onself in vergelyking met God en Sy grootheid sien. Trots kom van 'n selfvoldane lewensbenadering en sluit dikwels illusies van selfonderhouding in. 'n Lewe wat op die grondslag van Jesus Christus gebou is, sal 'n lewe van nederigheid wees.

### 'n Lewe van diens

Jesus Christus het dikwels oor die Koninkryk van God gepraat. Sy dissipels het verstaan dat Hy oor 'n letterlike Koninkryk gepraat het en dat hulle eendag posisies van leierskap in daardie Koninkryk sou beërf. Hulle opvatting van wat dit beteken om 'n leier te wees is egter grootliks gevorm deur die voorbeeld van die regeringleiers wat hulle in die Romeinse Ryk van hul tyd gesien het. Van tyd tot tyd het hulle geargumenteer oor watter dissipel die grootste in die komende Koninkryk sou wees. Jesus wou hê dat hulle moes verstaan dat ware grootheid nie gebaseer was daarop dat ander hulle dien nie, maar eerder daarop dat elkeen van hulle 'n

lewe van diens aan ander lei. “Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees” het Jesus verduidelik (Mattheus 23:11).

Op die aand van hul laaste Pasga saam, het Jesus Sy dissipels geskok. Nadat hulle aan tafel aangesit het vir hul maal, het Hy van die tafel af opgestaan, Sy boonste kleed opsy gesit, 'n handdoek en 'n bak water geneem en begin om Sy dissipels se voete te was. Dit was 'n taak van nederige diens, gewoonlik bestem vir die dienskneg met die laagste rang in die huishouding. Toe Hy klaarmaak om na die tafel terug te keer, vra Jesus Sy dissipels: “Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen” (Johannes 13:12-15). Jesus Christus het onderrig dat 'n lewe wat goed geleef word, 'n lewe van diens aan ander behoort te wees. Dit is presies die teenoorgestelde van die selfgesentreerde lewe wat verteenwoordigend is van die natuurlike, vleeslike benadering. As ons op die grondslag van Jesus Christus bou, sal ons nie 'n lewe van selfsugtige toegewing nie, maar eerder 'n lewe van diens aan ander lei.

### 'n Lewe van liefde

Selfbevrediging en trots is voortspruitend uit die feit dat

meeste mense verlief is op hulself. Dit kom vanself om besorg te wees oor onself. Trouens, selfs wanneer mense iets vir ander doen, is dit moontlik dat hulle 'n verskeidenheid motiewe kan hê. Selfs dae van selfopoffering kan soms gemotiveer wees deur die behoefte aan selfverheerliking. Let op wat die apostel Paulus verduidelik in 1 Korintiërs 13:1-3: “Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword. En al sou ek ... al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê ... En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie”. Om die “liefdevolle” ding *sonder ware liefde* te doen, sal ons “niks” baat nie!

Waarom is liefde so belangrik? God is besig om 'n familie te bou, en gesonde families het gesonde verhoudings. Elke gesonde familie se verhoudings is gebaseer op liefde. Ons verhoudings met mekaar en met God Self, moet gebaseer wees op ware liefde. Dit was die onderliggende grondslag van alles wat Jesus Christus gedoen het. “Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee” (Johannes 15:13). Nie alleenlik was liefde die basis waarom Christus gedoen het wat Hy gedoen het nie, maar was ook die

kenmerkende eienskap van Sy ware volgelinge: “'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; ... Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Johannes 13:34-35). 'n Lewe wat op die grondslag van Jesus Christus gebou is, sal 'n lewe wees wat gebaseer is op liefde vir God *en* liefde vir ander mense.

### 'n Lewe van gehoorsaamheid

Een van die grondbeginsels van *ware* liefde teenoor God is *gehoorsaamheid* aan Sy gebooie. Soos die apostel Johannes in 1 Johannes 5:2-3 verduidelik: “Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie”. Eenvoudig gestel, as gehoorsaamheid nie op liefde gebaseer is nie, sal dit nie hou nie! Die Fariseërs het daarop geroem dat hul gehoorsaam aan God se wet was, maar hulle gehoorsaamheid het vinnig in duie gestort toe hulle persoonlik bedreig gevoel het deur Christus se bediening (sien Johannes 11:47-48). Hulle het medepligtig geword om vals getuies om te koop en het selfs die dood van 'n totaal onskuldige bewerkstellig. Hierdie dae behels direkte ongehoorsaamheid aan die Tien Gebooie, maar dit het nie in hulle pad gestaan nie. Hulle gehoorsaamheid kon nie onder druk volgehou word nie.

Jesus Christus het 'n lewe van algehele gehoorsaamheid aan die Vader gelei. Hy het Sy Vader se gebooi onderhou (Johannes 15:10) en Sy dissipels onderrig om Sy voorbeeld te volg. In teenstelling met die leerstellings van die algemene Christendom, het Christus dit duidelik gemaak dat Hy *nie* gekom het om weg te doen met die wet nie, maar eerder om die betekenis daarvan tot volheid te vervul (Mattheus 5:17). Om Jesus Christus as ons Here te erken, behels 'n lewenswyse van gehoorsaamheid (Mattheus 7:21). Om ons lewens op die grondslag van Jesus Christus te bou, beteken dat ons gehoorsaamheid aan God se gebooi as 'n lewenswyse sal beoefen.

### 'n Lewe van geloof

Nie alleenlik is liefde noodsaaklik vir gesonde familieverhoudings nie, maar ook vertroue. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (Hebreërs 11:6). As ons God nie volkome vertrou nie, sal ons Hom nie onvoorwaardelik en onder alle omstandighede gehoorsaam nie. Ons wil soms die lewe in ons eie hande neem

en ons eie oplossings vir dinge soek. In teenstelling, sal dit vir God se familie moontlik wees om vir ewig in vrede en harmonie saam te woon, omdat elkeen in die familie op die Vader sal vertrou. Lede van Sy familie sal Sy woord *glo* en bereid wees om te volg wat ook al Hy beveel.

Ware geloof vloei voort uit 'n diep persoonlike verhouding met God – deur Hom werklik *te leer ken*. Jesus Christus het gekom om die Vader bekend te maak, en Hom herkenbaar te maak. Hy het die Vader in alle omstandighede volkome vertrou en gesê dat die dissipels dit ook kon doen (Johannes 16:26-27). Direk na die verheerliking op die berg, het 'n gebeurtenis plaasgevind wat Jesus Christus die geleentheid gegee het om Sy dissipels meer oor geloof te leer. Kort na Sy aankoms van die berg af, het 'n man na Hom gekom met 'n kind wat genesing dringend benodig het. Hierdie man het reeds na die dissipels gegaan, maar hulle kon nie die kind help nie. Die man het Jesus gesmeek om te help indien moontlik en om medelye te hê. “En Jesus sê vir hom: Wat dit betref – as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo. En dadelik roep die vader van die

kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!” (Markus 9:23-24). Christus het die kind genees. Later het die dissipels na Jesus gekom en gevra waarom hulle nie self so 'n wonderwerk kon verrig nie. Christus het aan hulle verduidelik dat gebed en vas die sleutel tot so wonderwerkende geloof is (verse 28-29).

Jesus het deurgaans met **G o d g e w a n d e l e n** gekom munikeer. Omdat Hy voortdurend daardie verhouding vertroetel het, was dit altyd vars en intiem. Voortspruitend uit daardie verhouding het 'n geloof en vertroue gekom wat nooit gewankel of twyfelagtig was nie. In die mate waartoe ons dieselfde soort verhouding nastreef, kan ons dieselfde soort geloof hê. As ons ons lewens bou op die grondslag van Jesus Christus, sal geloof 'n deurslaggewende deel van ons grondslag wees.

Daar is geen ander grondslag behalwe die grondslag van Jesus Christus waarop ons kan bou wat nooit sal skuif of kraak nie. Hy is die enigste seker grondslag van ons lewens. Ons moet seker maak dat ons in elke opsig op Hom bou. §

## Die Christendom se Grootste Misleiding

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie!

# Waarom is u gebore?

Deur Douglas S. Winnail

*Is daar 'n doel met die menslike lewe?*

Die mees diepsinnige vraag wat u seker ooit kan stel aangaande die doel vir die bestaan van die mens is: Waarom is die mens hier op aarde? Vir duisende jare bespiegel filosowe daarvoor en bied die verskillende gelowe verskeie en teenstellende antwoorde. Wees *verseker* dat afgesien van die antwoord wat u aanvaar, dit ingrypende gevolge inhou vir elke aspek van u lewe. Dit sal u mees fundamentele oortuigings en waardes bepaal. Dit sal 'n invloed uitoefen op die keuses wat u maak, die doelwitte wat u stel, hoe u u tyd en talente aanwend en op u omgang met mense – kortom, hoe u uself uitleef.

Vir sommige mense is die vraag oor die doel van die lewe 'n knaende en ingewikkelde dilemma – die probleme, traumas, boosheid, onregverdigheide en frustrasies van die lewe maak vir hulle geen sin nie en mag lei tot wanhoop en selfs selfmoord. Andere neem eenvoudig die bestaande geloofsoortuigings en lewensbeskouing van hulle ouderdomsgroep aan. Verbasend genoeg het die meeste mense, selfs die meeste filosowe, wetenskaplikes en teoloë geen ware begrip van die werklike doel van die lewe nie. Baie mense is so besig – vol roetine en onnuttigheide – dat hulle selde tyd inruim om te besin oor die belangrikste vrae

wat mens jou ooit self kan afvra, naamlik: Waarom bestaan ons? Wat is die ware doel van die menslike lewe?

## Veelvuldige leë keuses

Enigeen wat hom dit ten doel stel om die ware doel van die lewe te ontdek, moet met 'n ongelooflike warboel van teenstellende idees worstel. Daar word vandag algemeen aanvaar dat die hoofdoel van die lewe eenvoudig net die *vryheid is om enigiets na te jaag wat 'n mens gelukkig kan maak*. Miljoene mense het die verleiding van persoonlike plesier gevolg om te eksperimenteer met dwelms, alle soorte ongeoorloofde seksuele aktiwiteite, gerieflike verbintenisse en egskedings, buite-egtelike verhoudings, reise, partytjies en die verkryging van materiële dinge – slegs om te vind dat fisiese dinge en ervarings daarin *faal* om enige blywende satisfaksie te bied of om werklik betekenis aan die lewe te gee. Sommige van die rykste en bekendste mense in die wêreld het die leegste, eensaamste en mees frustrerende lewensgelei omdat hulle van goeie advies vergeet het – of nooit goeie advies gekry het wat vir hulle geluk kon bring nie.

Duisende jare gelede het een van die mees wyse manne wat ooit geleef het, wyse raad gegee aan elkeen wat wou

luister. Salomo, 'n koning van Antieke Israel, weergee in die boek Prediker die resultate van sy soeke na die doel van die lewe en die ware bron van geluk.

Hy het alles probeer doen – die spreekwoordelike “wyn, vroue en partytjies” beproef deur vir hom 700 vroue en 300 byvroue te neem (1 Kon. 11: 1-11)! Hy het paleise gebou, groot rykdom vergader, terwyl sy beroemdheid tot in naburige koninkryke gestrek het. Tog het hy egter besef dat ons almal uiteindelik sterf en niks met ons saamneem nie. Dit het hom depressief gemaak en hom selfmoord laat oorweeg. Hy sê dat “alles tevergeefs is en 'n gejaag na wind ... daarom het ek my begewe om my hart aan wanhoop oor te gee” (Pred. 2:11, 17-20). Salomo het geleer dat om fisiese ervarings na te jaag en om besittings te vergader, nie werklike vervulling gee nie – dat daar 'n *groter doel* is vir die menslike bestaan. Hierdie belangrike les is egter grootliks verontagsaam! Baie mense glo steeds vandag dat die wener “die een is wat met die meeste speelgoed sterf”.

Oor die eeue heen het gelowe en filosowe 'n ongelooflike verskeidenheid van idees gebied oor die uiteindelijke doel van die lewe. “Belydende Christene” het algemeen aanvaar dat “goeie” of “geredde” mense hemel toe gaan, terwyl die Bybel dit duidelik stel: “En



niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het" (Joh. 3:13; sien ook Hand. 2:29-34; 13:36). Baie mense glo dat ons in die hemel op wolke sal sit en harpe bespeel, goue strate sal bewandel of net sal rondstaan en vir ewig die "saligmakende geesverskyning" van God sal a a n s k o u . I n h e e m s e Amerikaners het die betreding van "gelukkige jagvelde" in die hemel afgewag. Boeddhiste streef na *Nirvana* – waarin die siel opgeneem word in die goddelike en een word met die Heelal, wat dan die siel se bestaan as 'n individuele entiteit beëindig. Hindoes glo dat die mense lewe 'n reeks reïnkarnasies is. Vir Moslems word vertel dat, sou hulle as martelaars sterf, sal hulle in 'n paradys wakker word, omring van dosyne jong maagde. Die Wikings het geglo dat die siel van helde wat tydens oorlogvoering sterf, in Valhalla – 'n plek van ewige lewe – sou woon waar hulle verder kon baklei en feesvier.

Aangesien die meeste idees aangaande die doel van die lewe *onbewysbaar* is deur wetenskaplike metodes, bejeën baie mense dit vandag met skeptisisme. Sommige sekulêre en ewolusie-georiënteerde wetenskaplikes verval in die teenoorgestelde uiterste wat sê dat daar geen kenbare doel is vir die menslike lewe nie en dat die menslike liggaam niks meer is nie as 'n sak vol DNS wat uitsluitlik bedoel is vir die voortbestaan van die spesie. Vir dekades propageer akademiese handboeke dat teleologie (leer

van die doelmatigheid in die Skepping) buite die vakgebied van die wetenskap val en dat die wetenskap niks oor die saak te sê het nie. Dit het egter nie verhoed dat uitgesproke lede van die wetenskaplike samelewing grootse uitsprake maak nie. Vandag neem baie mense aan dat indien die wetenskap nie antwoorde kan verskaf oor die doel van die lewe nie, niks as sekerheid oor die onderwerp aanvaar kan word nie. Dit, soos ons sal sien, is 'n vals aanname wat bydra tot wydverspreide onkunde oor die doel van die lewe. Maar waarom is daar soveel verskillende en uiteenlopende idees oor die betekenis van die menslike bestaan? Waarom *faal* so baie om die betekenis te snap oor die ware doel van die lewe?

### Onkunde voorspel

Die Bybel, 'n boek waaraan ons moderne wêreld huiwerig is om te glo, onthul waarom so baie mense geen idee het oor die ware doel van die lewe nie. Die apostel Johannes skryf onder inspirasie oor 'n magtige geesteswese "wat genoem word duivel en Satan, wat die hele wêreld verlei [mislei]" (Op. 12:9). Wanneer ons vanuit 'n globale perspektief kyk na die uiteenlopende idees oor die doel van die lewe, is hierdie fundamentele Bybelse sleutel al wat sin maak. Soos ons die ware doel van die lewe ontdek wat God in die Bybel onthul, word dit selfs nog duideliker hoe deeglik hierdie wêreld mislei is.

Die Bybel gee nie net die *oorsaak* van ons misleiding nie, maar dit word ook in 'n reeks

profesieë *voorspel!* Satan se kwaadwillige aktiwiteite het kort na die skepping van Adam en Eva begin. Die duivel het ons eerste ouers daartoe *mislei* om God se opdrag te ignoreer en vir hulself die bron van ware kennis te soek (sien Gen. 3:13, 22-24). As gevolg van hulle ongehoorsaamheid is hulle van die Bron afgesny wat die ware doel van die lewe onthul. Later het Jerobeam, die dwase koning van Israel, sy eie godsdiens ingestel en God se Heilige Dae verwerp (wat God se plan vir die mensdom voorstel – vir meer inligting, bestel gerus ons gratis boekie: Die Heilige Dae – God se Meesterplan). Hierdeur het Jerobeam sy mense ontnem van die enigste Bron van kennis oor die doel van die lewe.

Toe Jesus Christus na hierdie aarde gekom het, het Hy herhaaldelik gewaarsku dat valse leraars sou verskyn wat daarop sou aanspraak maak dat hulle Christene is en baie mense sou *mislei* (sien Matt. 7:15-20; 24:5, 11, 24). Die apostel Paulus het soortgelyke voorspellings gemaak en gewaarsku dat valse leraars na vore sou kom, selfs vanuit kerkgeledere, om mense te mislei en dat *baie* hulle fabels en misleidende leringe sou glo (sien Hand. 20:28-31; 1 Tim. 4:1-3; 2 Tim. 4:1-5).

Jesus het vir Sy gekose dissipels gesê dat Hy vir hulle 'n *spesiale begrip* gee van die "verborgenhede van die koninkryk van die hemele" wat "nie gegee" is aan die res van die mensdom nie (Matt. 13:11). Christus sê vir Sy dissipels: "baie profete en regverdiges het begeer om te sien wat julle sien,

en het dit nie gesien nie” (vers 17). Die ware doel van die menslike lewe, soos ons sal sien, het te doen met hierdie eerskomende koninkryk wat 'n *misterie* vir die meeste mense is.

Paulus se geskryfte herhaal Jesus se woorde. Paulus sê: “Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid, wat niemand van die heersers [leiers en onderwysers] van hierdie wêreld geken het nie ... maar God het dit [hierdie dinge] aan ons deur sy Gees geopenbaar” (1 Kor. 2:7-10). Paulus haal die profeet Jesaja aan: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet” (1 Kor. 2:9). Die Bybel onthul duidelik dat selfs die mees wyse sterflinge nie in staat was om op hulle eie die ware doel van die lewe te ontdek nie. Daardie uiteindelijke doel moet deur God self *onthul* word!

Paulus het die danige kundige Romeine berispe en aan hulle uitgewys dat God die waarheid aan mense beskikbaar gemaak het, maar “omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; [het hulle] dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword ... wat die waarheid van God verruil het vir die leuen” (Rom. 1:21-25). Dit is waarom so min bekend is oor die ware doel van die lewe. Wat God in Sy

Woord onthul, is deur die mens geïgnoreer of misverstaan. As gevolg hiervan is die meeste mense op aarde *mislei* met fabels oor die doel van die mens se bestaan – of om te glo dat dit onmoontlik is om te weet waarom ons bestaan. *Werklike* antwoorde *bestaan* egter en *kan* gevind word!

### 'n Geheimenis onthul

Die Bybel maak dit duidelik *waarom* u gebore is! Hierdie basiese tema strek van die begin tot die einde – van Genesis tot Openbaring. Die Bybel maak ook duidelik dat die mens geskape is (manlik en vroulik) na die *beeld* van God en gebied is om vrugbaar te wees, te vermeerder, die aarde te vul, dit te onderwerp en daarvoor te heers (Gen. 1:26-31). Ons leer uit die Bybel dat ons *nie* blote diere is nie – ons voorsate was *nie* aapagtige oermense nie. Inteendeel, God self is die gemeenskaplike “voorvader” van alle mense. God het mans en vroue geskape met 'n doel: om te trou, gesinne te verwek om te leer om saam te werk en om oor ons gesinne en die aarde te regeer as heersers oor God se skepping (Gen. 2:15-25). Dit is 'n *baie groot* verantwoordelikheid wat veel te make het met ons uiteindelijke doel.

Job, wat volgens ou tradisie 'n koning in Edom was, (sien *Halley's Bible Handbook*) het geweet dat daar 'n grootse doel is met die menslike lewe. Hy het 'n weldeurdagte vraag gestel en beantwoord: “As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom; U sou

roep, en ek sou U antwoord, *na die maaksel van u hande sou U verlang*” (Job. 14:10-15). Job het geweet dat hy in die graf sou slaap totdat God hom weer opwek vir sy uiteindelijke doel. Die profeet Daniël onthul dat aan die einde van hierdie dae “sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie ... dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste” (Dan. 2:44-45; 7:27).

Jesus beklemtoon hierdie selfde tema in die Nuwe Testament. Hy doen 'n beroep op Sy dissipels om “eers die koninkryk van God en sy geregtigheid” te soek in plaas van om uitsluitlik op fisiese dinge te fokus (Matt. 6:33). Hy sê vir Sy gekose apostels dat hulle bestem is om “op twaalf trone [te] sit en die twaalf stamme van Israel [te] oordeel” (Matt. 19:28). Paulus onthul dat, wanneer ons Christene word en Jesus se onderwysing volg, ons “*kinders* van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en *mede-erfgename* van Christus” (Rom. 8:16-17). Paulus sê dat kinders grootgemaak word om soos hulle ouers te wees, dus sal Christene uiteindelik deel in wat Jesus Christus sal beërwe. Paulus onthul dat die fisiese Jesus onsterflikheid beërwe het met Sy opstanding uit die dood (1 Tim. 6:15-16) en “die eersteling geword [het] van die wat ontslaap” (1 Kor. 15:20-25). Diegene wat God se

onderwysing volg, sal die ewige lewe beërwe met die Wederkoms om Sy koninkryk op aarde te vestig (1 Kor. 15:50-54). Dit is deel van die "misterie" van die lewensdoel wat die wêreld nie ten volle verstaan nie (vers 51).

In sy brief aan die Hebreërs verduidelik Paulus meer omtrent die doel van die menslike lewe. Hy skryf dat God "die toekomstige wêreld ... nie onderwerp [het aan die engele] nie" maar dat Hy die mensdom geskape en die mens "'n weinig minder as die engele gemaak" en "hom oor die werke van u hande aangestel" het. "Alle dinge het U onder sy voete gestel" (Heb. 2:5-8). Die mens se uiteindelijke doel sal in die toekoms vervul word (vers 9). Johannes vat dit alles saam in die boek Openbaring wanneer hy sê dat God "ons konings en priesters vir onse God [gaan] maak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Op. 5:10; sien ook 1: 5-6). Hy toon dat diegene wat geroep is om heiliges te word (Christene) "priesters van God en van Christus [sal] wees en ... saam met Hom as konings [sal] regeer duisend jaar lank" (Op. 20:4-6). Dit is die toekoms waarna Daniël se profesieë verwys!

God onthul in die Bybel dat Hy die mens na Sy beeld geskape het om deel van Sy Goddelike familie te word en uiteindelik op hierdie aarde saam met Jesus Christus te regeer. Dit is die uiteindelijke en ongelooflike doel vir die menslike lewe. Wanneer ons die bespiegeling van filosowe en die groot verskeidenheid

mensgemaakte godsdienste oorweeg, verbleek dit in onbeduidendheid wanneer dit vergelyk word met die waarheid. Slegs wanneer ons die ware doel van die menslike lewe verstaan, word die omvang van Satan se groot misleiding duidelik. Die wêreld is mislei oor die ware doel van die lewe.

### Die weg

Hoe kan ons hierdie ongelooflike hiernamaals bekom? Wat moet ons doen om te kwalifiseer vir die Koninkryk van God? Baie belydende Christene glo dat ons niks moet doen nie – net aanvaar dat Jesus vir ons gesterf het, glo dat Hy die Seun van God is en die ewige lewe dan onmiddellik aan ons gegee sal word! Die Bybel onthul egter iets heeltemal anders. Die Skrif sê dat God slegs 'n paar mense in hierdie tyd roep om die uiteindelijke doel van die lewe te verstaan (Joh. 6:44, 65, 66; Matt. 13:10-17). Die res van die mensdom sal in die toekoms hierdie geleentheid gegun word gedurende die duisendjarige regering van Christus en die heiliges op hierdie aarde en gedurende die oordeelstydperk aan die einde van die Millennium (Op. 20:5, 11, 15). Diegene wat in hierdie tydperk geroep word, moet hulle bekeer (Hand. 2:38) en begin om die onderwysing van Jesus Christus te volg en om te leef volgens elke woord van God (Matt. 4:4). Dit sluit in om te leef volgens die Tien Gebooe – letterlik sowel as in die geestelike bedoeling (Matt. 19:16-22). Salomo het tot dieselfde gevolgtrekking gekom

(Pred. 12:13). Abraham is om dieselfde rede beloon (Gen. 26:5). Die Skrif dui baie duidelik aan dat God se metodiek en doel nie verander nie (Mal. 3:6).

Wanneer 'n persoon hom bekeer, laat doop en begin om God se gebooe te gehoorsaam, dan gee Hy aan daardie persoon die Heilige Gees – 'n geestelike krag wat geestelike groei en begrip en karakter moontlik maak (Hand. 5:32; 1 Kor. 2:10-16). God doen nie outomaties alles vir ons nie – ons het ook 'n rol om te speel in die proses (2 Tim. 1:6-7; 2 Pet. 3:18). Diegene wat nou geroep word om God se Plan en doel te begryp, wat leer om God se wette toe te pas, sal leraars word in die Koninkryk van God (Jes. 30:20-21). As burgerlike en godsdienstige leiers (konings en priesters), sal hulle saam met Jesus Christus regeer en sal hulle "die wederoprigting van alle dinge" teweeg bring (Hand. 3:19-21). Dit sal gebeur wanneer God se wette vanaf Jerusalem uitgaan deur 'n wêreldregering wat met Christus se Wederkoms ingestel sal word (Jes. 2:2-4; 9:6-7; Op. 11:15-19). Dit is *waarom* ons geskape is – om te kwalifiseer om 'n lid van die Godfamilie te word en deel te hê in hierdie eerskomende Koninkryk van God wat vir ewig die loop van die menslike geskiedenis sal verander. Dit is die *werklike* doel vir die menslike bestaan wat duidelik in die Bybel uitgespel word. Dit is die evangelie. Dit is *waarom* u gebore is. En dit is wat verskans is deur die filosofiese spekulasies en godsdienstige fabels wat Satan gebruik om die wêreld te mislei. §

## Profesie snel voort (Vervolg vanaf bladsy 7)

profesie vervul.

Hierdie eerskomende staatsgodsdienstige georiënteerde unie van nasies sal 'n magtige stelsel wees, nie net militêr nie, maar ook op handelsgebied en in alle soorte van welstand. Dit sal so weelderig wees, sê God, dat wanneer dit uiteindelik deur die terugkerende Christus vernietig word: "... [sal] die handelaars van die aarde ... ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie" (Openbaring 18:11). Hierdie stelsel sal baie aantreklik wees vir die meeste mense op aarde. Dit sal baie moeilik wees om **nie** by hierdie stelsel aan te sluit nie, want vervolging en teistering sal op diegene kom wat nie deel daarvan is nie. Tog doen die grote God van die skepping deur Sy Woord 'n beroep op ons: "**Gaan uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met

haar *sondes* mag hê en van haar **plae** ontvang nie. Want haar **sondes** reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou" (Openbaring 18:4-5).

In hierdie Werk van die lewende Christus wil ons nie enige van u wat hierdie artikel lees te na kom nie, maar ons is terdeë bewus en weet dat hierdie gebeure *verseker op ons wag!* Daarom moedig ons u ernstig aan, in die Naam van Christus, om *wakker te word* en sommige van u godsdienstige idees, gebruik en leerstellings opnuut te deurdink. Wees gewillig om die **Waarheid** in die gesig te staar, want die **Waarheid is magtig! Waarheid is die uiteindelijke werklikheid!**

In die Naam van Jesus smee ek u om die werklikheid in die gesig te staar, naamlik dat die basiese Bybelprofesieë, wat ons in hierdie Werk vir dekades al verkondig, *nou besig is om te*

*ontvou*. Amerika en Brittanje word *ernstig verswak* deur aanstoot te gee aan 'n groot deel van die Moslemwêreld; hulle spandeer hulle groot nasionale rykdom in 'n poging om die "wêreld se polisieman" te wees en dan keer hulle nog die rug op die God wat hulle soveel seëninge gegee het – daarom plaas ons onself onder Sy oordeel. Net soos 'n liefdevolle vader elke seun tugtig wat hy liefhet, so sal die almagtige God wat ons liefhet, ons volke tugtig voordat dit te laat is (sien Hebreërs 12:5-7).

Mag God u help om te verstaan. Mag Hy u help om op Sy **Waarheid te reageer**, terwyl u nog die geleentheid het. Mag God gee dat u die krag en moed van u oortuiging het om Sy wil te doen en sodoende beskerm te word tydens die Groot Verdrukking wat *in hierdie geslag* oor ons sal kom! §

## Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

God koning Nebukadnésar gebruik as werktuig in Sy hande om Juda binne te val en te oorwin – om God se werktuig te wees om Juda te tugtig en te verneder tot *ware bekering!* Let noukeurig op die boodskap wat God vir Juda stuur deur die profeet Jeremia: "Daarom, so sê die HERE van die leërs: Omdat julle na my woorde nie geluister het nie, laat Ek al die

geslagte van die Noorde haal, spreek die HERE, en *Nebukadnésar, die koning van Babel, my dienaar*; en Ek sal hulle bring oor hierdie land en sy inwoners en oor al hierdie nasies rondom, en Ek sal hulle met die banvloek tref en hulle maak 'n voorwerp van verbasing en van bespotting en ewige puinhope" (Jeremia 25:8-9).

Wanneer ons dus sien hoe

die buitelandse vyand moderne Amerika, Brittanje en Kanada binneval, moet ons nie verskrik, verward of ontmoedig word nie. Diegene van u wat die profetiese artikels in hierdie tydskrif lees en *waarlik verstaan*, sal ongetwyfeld teen dié tyd beseft dat die grote God binnekort gaan ingryp en ons volke uitermatig gaan *tugtig, tensy* ons ons opreg bekeer en na God se *ware*



weë keer!

Gedurende hierdie grootste van alle beproewings en toetsings sal God se ware kinders verstaan dat “God ... liefde” is (1 Johannes 4:16). Hulle sal beseft dat God beproewings en toetse *vir ons eie beswil* oor ons bring. Deur ywerige studie van God se Woord en deur toenemend meer van die “gedagtes” van God in te neem, sal God se mense in die jare wat voorlê beseft dat God se ingryping om hierdie regstellende straf oor Sy mense te bring, uit Sy grote **liefde** is asook ten einde hulle 'n les te leer wat hulle vir ewig sal onthou en wat hulle in elk geval op geen ander manier sou leer nie. Ware Christene sal verstaan dat die grote God wat sê: “Want Ek, die HERE, het **nie** verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie” (Maleagi 3:6), met moderne Israel handel net soos hy gedoen het toe Juda van ouds in Babiloniese ballingskap gegaan het.

Onthou wat God aan daardie Joodse gevangenes gesê het: “Want so sê die HERE: As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee en aan julle my goeie woord vervul om julle na hierdie plek terug te bring. Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te

gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister” (Jeremia 29:10-12).

Namate die onweerswolke dus saampak en duisternis op die nasies neerdaal, moet ons onthou, soos Jeremia aan Juda gesê het, dat God aan ons 'n “hoopvolle toekoms” wil gee. Ons moet weet dat wanneer *ons volke* hulle uiteindelik “met hul **hele** hart” tot God keer, *dan* sal Hy hulle “terugbring” uit gevangenskap en ons volke meer as nog ooit tevore seën.

God sê vir ons: “Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie

meer dink nie” (Jeremia 31:31-34). Teen daardie tyd sal daar geen *vals leraars* wees wat hulle volgelinge leer dat God se **wet** “teen die kruis gespyker” is of mee “weggedoen” is nie. *Alle* mense sal uiteindelik leer om as **lewenswyse al tien** van die Tien Gebooie te gehoorsaam. Dan sal daar ware en uitbundige *vrede* en *vreugde* tot oorlopens toe oor die ganse aarde wees.

Dawid is geïnspireer om ons te vertel: “Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is” (Psalm 103:11-14). Wanneer ons ons *oorgee* aan hierdie grote God as ons Vader, wanneer ons Hom werklik leer “ken” deur Jesus Christus wat in ons leef, sal ons ten volle verstaan dat die absolute Bron van alle liefde en goedertierenheid waarlik “in beheer” is. Uiteindelik, namate ons toeneem in hierdie kennis, sal “die **vrede** van God, wat alle verstand te bowe gaan, ... julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (Filippense 4:7).



**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige  
verandering in u posadres.**